### *Mathael se opvatting oor die natuur*

**25** (**Mathael**, die roofmoordenaar) Enersyds heers daar op aarde wel `n bepaalde orde en harmonie, waardeur `n mens baie gou tot die oortuiging kan kom dat daar `n baie wyse Elohim moet wees, wat alles eers so geskape het soos wat dit nou nog steeds te siene en te verstane is. Andersyds sien `n mens egter weer by alles `n dikwels grenslose wanorde en `n willekeur wat hoe-genaamd nie oorsien kan word nie, sodat `n mens dan vir jouself moet sê: Ja, dit kan tog nie van ons liewe Meester afkomstig wees nie!

[2] Neem nou die wisselvalligheid van die weer! In watter opsig kan jy `n bepaalde orde of gelyk-matigheid daarin ontdek? Kyk eers na die verskil-lende soorte bome soos wat dit onderling deur-mekaar staan in `n bos, of eweso die gras op die veld; kyk eers verder en sien die groot verskille in grootte van die berge, mere, strome, riviere, stroompies en fonteine! Daar is tog absoluut geen gelykmatigheid en geen orde daarin te ontdek nie, ten minste nie volgens ons begrip nie. Die see skep haar ongelyke oewers heeltemal afhangende van die toevallige, meer of minder kragtige golfslag en ook die meer, die strome, riviere, beke en fonteine doen dit. Net die mens kan hom hier en daar binne die perke hou, maar die baie wyse Elohim doen nooit iets daaraan nie.

[3] Dit is ook slegs die mens wat enigsins geordende tuine aanlê en wingerde en landerye verbou. En slegs hy ken die edel vrugte, sonder dit van die onedele af, versorg dit en benut dit so veel as moontlik. Maar waar is daar op aarde `n op enigerlei wyse geordende tuin wat Elohim self aangelê het met `n stroom wat deur Hom aan bande gelê is? Die aardlae lê ook so chaoties deurmekaar dat `n mens nooit iets anders as die blinde mag van die dierbare toeval daarin sal kan ontdek nie. Daar is dus bitter weinig van die een of ander heersende, goddelike wysheid te vinde en `n mens kan maar doen wat `n mens maar wil en ook dink wat `n mens maar kan en tog kom daar nooit iets na vore sodat ons uiteindelik sou kon sê: 'Kyk, daar sien jy tog weer duidelik `n goddelike orde!'

[4] Ja, elke ding vertoon op sigself wel deeglik baie belangrike spore van `n oergoddelike mag en `n baie ordelike wysheid, maar kyk `n mens dan na die wanorde van die geskape dinge wat deur toeval bepaal is, dan kry ek die indruk: Óf Elohim het genoeg gekry van die ordening en bekommer Hom weinig of niks meer oor die eenmaal geskape dinge nie, soos wat dit by sommige dinge duidelik en opvallend die geval blyk te wees, óf Hy bestaan gladnie. In daardie laaste geval vorm die ewighede in die eindelose ruimte hulleself uit ontstane dinge wat toevallig uit hulleself op die duur - volgens die natuurwet wat toevallig deur hulle ontstaan het - tot dinge met `n sekere gewig, word stadig maar seker groter en word in die loop van die tye wêrelde, sonne en mane. Die wêrelde ontwikkel na gelang van hul grootte en gewig onvermydelik weer self nuwe wette, wat dan vanself weer die basis vorm vir nuwe vorme.

[5] Hoe veelsoortiger die dinge op `n altyd meer ontwikkelende hemelliggaam word, des te uiteen-lopender, hoewel kleiner, moet die daaropvolgende dinge wees. Uiteindelik veroorsaak die baie groot aantal dinge op die wêrelde en die ontsettende uitbreiding van die wêrelde self, wette en aktiwiteite waaruit die eerste spore van `n bewuste lewe begin ontstaan. As daar egter eenmaal één lewensvonk ontstaan het volgens die onvermydelike verloop van die dinge wat hierbo beskryf is, dan moet daar `n tweede daarop volg en op die lange duur miljarde, wat met mekaar opnuut nuwe wette laat ontstaan wat aanleiding gee vir die ontwikkeling van `n meer volkome lewe. En so sou die lewe dan deur die in sigself gevonde lewenswette tot `n baie hoë lewensvermoë ontwikkel het, sodat die mees intel-ligente lewenskrag nou eers, wat haarself en haar hele omgewing goed ken, met terugwerkende krag die voorafgaande stomme natuur kan orden en aan haarself onderwerp!

[6] As alles egter langs hierdie natuurlike weg ontstaan het, dan is daar dus maar net lewenskragte in alle soorte lewensvlakke, van die kleinste bladluis tot by daardie volmaakte lewe wat die meer volmaakte mens 'die goddelike' noem. Op hierdie wyse het daar waarskynlik sedert ondenkbare lang tye gelede `n goeie, maar daarteenoor ook `n slegte godheid ontwikkel. Sou beide godhede hulle ooit ontwikkel het, moet hulle as teenoorgestelde kragte ook sólank ongenaakbaar teenoor mekaar staan, totdat die, volgens ons morele begrippe, waarskyn-like bose krag deur die sterker goeie krag as `n teenstelling wat binne haar orde val in haar opgeneem is. Uit hierdie saamgaan sal daar alles wat nou nog stom, sonder bewussyn en dood is, dan na `n ondenkbare lang wêreldse tyd oorgaan in `n volkome lewe met `n vrye wil en `n vrye insig!

[7] Dat alles in hierdie tyd dan nou nog in so `n wanordelike toestand te vinde is, asof dit `n onoorsigtelike stryd was, blyk deur die volgende te kom: Die goeie en hoogste lewenspotensiaal wat ons nou Elohim noem, is met die slegte lewenskrag, wat ons satan noem, nog lank nie in die gewenste orde nie, maar nog in `n voortdurende onderdruk-kingstryd, waaruit die hoogste lewenspotensiaal uiteindelik as oorwinnaar te voorskyn moet kom. Want die, volgens ons begrip, bose krag sou nie voortdurend teen die goeie stry as dit geen rede gehad het om dit aan haar kant te wou kry nie.

[8] Satan moet derhalwe tog `n sluimerende genot skep in die goeie, en daarom wil hy die hele goeie lewenskrag aan hom ondergeskik maak. Maar juis deur hierdie voortdurende pogings neem hy steeds meer van die goeie in hom op en maak daardeur, sonder dat hy dit wil, sy boosheid/besoedeling altyd minder boos/besoedel. Daardeur kom daar in sy lewenswese altyd meer orde, meer kennis en suiwer insig en hy sal ten laaste nie meer daarby kan verbykom om homself heeltemal oor te gee nie, omdat hy deur sy aard en deur sy neiging onmoontlik kan verhinder dat hy voortdurend ge-deeltelik oorwin word.

[9] Ook nadat hy homself volledig gewonne gegee het, sal hy weliswaar nog altyd `n teenstelling met die goeie bly vorm, maar nou binne die orde, soos sout ook `n teenstelling van die suiwere, soete olie is. Maar as die olyfboom nie in die regte mate sout in die wortels, in die stam, in die takke, takkies en blare gehad het nie, dan sou sy vrug nooit `n soet olie gegee het nie!

[10] Ek verloor myself nou wel in uiteensettinge wat beslis nie deur jou op die wyse verstaan sal word

waarop dit verdien om verstaan te word nie. Maar dit is nie so belangrik nie, want dit is ver van my af om dit vir jou as `n waarheidsleer voor te hou. Maar enkel en alleen as `n hipotese, waartoe `n siel deur baie en onverdraaglike lyding gebring word as sy daarby, ondanks alle smeekbedes tot Elohim, heeltemal geen verligting in haar nood ontvang nie.

[11] Die helderheid van die siel, of die eintlike primitiewe, intelligente lewenskrag, neem deur swaar lyding en pyn van haar liggaam aanmerklik toe. Sy sien en hoor alles wat vir die oë en ore van die natuurmense dikwels nog baie ver weg is en jy hoef jou gladnie daaroor te verbaas dat ek jou nou-net vertel het oor meer hemelliggame nie, want my siel het hulle beter en duideliker gesien as wat jy ooit hierdie aarde gesien het en ook ooit in hierdie lewe van jou sal sien. Daarom kan ek tereg melding maak van alles wat my siel in die eindelose ruimte gesien het! Maar nou hou ek daaroor op en sê jy vir ons wat ons nou moet doen! Want hier kan ons tog onmoontlik nie bly nie!"

[12] Markus sê: "Wag nog eers tot die Verlosser, wat julle hier voor ons oë van julle verskriklike lyding genees het, dit sal sê!"

### *Toespraak oor die stryd in die natuur*

**26** **Die spreker** sê: "Wie van die talle omringende toeskouers is dit dan, sodat ons aan Hom ons dank kan betuig? Want iets anders kan ons Hom, in die toestand waarin ons onsself nou bevind, tog nie aanbied nie!"

[2] **Markus** sê: "Hy het ons in julle belang verbied om Hom voortydig aan julle bekend te maak, daarom sê ons dit nou ook nog nie, maar vandag sal die regte oomblik wel aanbreek waarop julle met `n blye hart Hom, en deur Hom baie van julle dwalinge, sal leer ken!"

[3] **Die spreker** sê: "Vriend, met daardie blye hart sal dit op hierdie aarde nog baie lank duur! Want siele, soos die van ons, kan deurdat die leed wat deurstaan is, te groot was, nooit regtig op hierdie dom wêreld weer bly word nie! Miskien eendag in `n ander, meer volmaakte lewensgraad, maar in hierdie bykans gebroke liggame nooit nie!"

[4] Toe sê **Cyrenius** wat daar vlakby gestaan het: "Kyk, ek is die Romeinse opperstadhouder van die hele Asië en `n deel van Afrika, so ook van Griekeland! Ek het julle nou leer ken en ek het vasgestel dat julle geen gewone mense is nie. Ek neem julle onder my beskerming en dit sal julle nooit aan iets ontbreek nie en daar sal ook goed vir julle geesteskrag passende geleentheid gevind word.

[5] Maar julle moet in die vervolg bietjie redeliker wees, sodat julle ons Romeine nie sommer so vir duiwels aansien nie, hetsy dit dan van die ietwat beter soort en dit dadelik goeie duiwels noem soos wat julle met my ou opregte Markus gedoen het nie! Ons is tog net sulke goeie mense soos julle. Dat julle, weliswaar vir ons nog onbekende redes van die raadsbesluit van Elohim, groot beproewinge moes deurstaan en daardeur ook nog ongehoorde pyne gely het, waardeur julle siele egter, na my mening, baie gelouter is, dit kan ons, wie deur julle as duiwels aangesien word, nie help nie. Maar julle genesing het julle nou aan ons te danke en in die besonder aan Eén van ons, wat `n soos genoem `n Almagtige Verlosser is en julle kan dus sien dat ons onsself absoluut nie soos duiwels teenoor julle gedra het nie!?

[6] Soos gesê, julle moet daarom ietwat redeliker wees in julle, uit die aard van die saak, nie heeltemal verkeerde opvatting nie. Dan is dit gewis seker dat julle binnekort baie bly sal word."

[7] **Die spreker** sê, terwyl hy nou, reeds behoorlik versterk, opstaan: "Vriend, kyk eers na die bodem van hierdie aarde; jy sien slegs goeie en hartverheffende dinge. Die kruie en die gras verkwik jou oë en die sagte golwing van die see stem jou bly, want jy sien nie hoe onder al hierdie mooi dinge tallose, ontwikkelende duiweltjies hul bose, dood- en verderfbringende koppe opsteek en laat opduik nie!

[8] Jy sien wel die mooi golwing van die see, maar die doodbringende monsters onder die lieflike spelende golfies sien jy nie! Jy sien oral `n verhewe lewe aan die werk, ons sien niks anders as die dood en `n onophoudelike agtervolging van al die goeie en betere lewe nie. Jy sien maar net vriendskap en ten opsigte van die geringe aantal vyande wat jy sien, het jy ook genoeg mag om te kan dink dat hulle heeltemal onskadelik vir jou is; ons sien daarenteen niks anders as slegs suiwere, grootliks onoorwinlike vyande nie!

[9] O vriend, met so `n onfeilbare gesigsvermoë is dit werklik moeilik om ooit vrolik te wees! Ontneem hierdie treurige vermoë van ons, of gee ons `n regte verklaring van alles wat ons sien en dan eers sal ons vrolik en opgewek word soos jy!

[10] Na ondenkbare lang wêreldtye kan daar vir `n siel wat alle lewensgrade deurworstel het, miskien wel eendag `n beter lot wees, maar wie kan ons sekerheid daaroor gee? Watter ongehoorde gevegte en storms sal die arme siel egter nog moet deurstaan voor dit sover is?! Sal sy wel as oorwinnaar daaruit te voorskyn tree, of sal sy vir ewig ondergaan? Watter sekerheid het jy vir al dié dinge?

[11] Kyk, ons sien sekerlik dinge en omstandighede waarvan jy nog nooit enige besef van gehad het nie, maar van `n bepaalde sekerheid oor die eenmaal komende, salige toestand na die dood van die liggaam, sien ons nêrens iets nie - maar wel `n voortdurende waak, sorg en stryd! Ons sê dit vir jou soos wat ons dit sien.

[12] Alle lewe is altyd `n stryd met die dood, net soos elke beweging `n voortdurende stryd is met die rus wat altyd probeer om te steur. Die rus self egter stry steeds met die beweging omdat in haar die deurlopende drang na beweging altyd strydvaardig gereed staan.

[13] Wie sal uiteindelik daar wen? Die rus, wat altyd die beweging soek of die beweging, wat op gelyke wyse altyd die rus soek?

[14] Sedert jou oereerste lewenskiem het jy tot nou toe altyd maar gestry, en verder sal jy vir ewig altyd weer opnuut stry; en solank jy sal stry, sal jy ook `n lewe hê, maar geen ander as slegs maar één wat voortdurend stryd is nie, wat slegs baie geringe oomblikke van saligheid sal ken! Maar wanneer sal die volle oorwinning uiteindelik uit hierdie ewige stryd te voorskyn kom in die vorm van `n egte saligheid, waarin geen stryd meer gevoer word nie?

[15] Dit is daarom maklik gesê om opgewek van gemoed en bly van hart te wees, maar die gemoed van die siel vra daarby net soos julle Romeine: 'Cur, quomodo, quando et quibus auxiliis?' (Waarom, hoe, wanneer en waardeur sal ons hulp kry?) Het jy ons nou enigsins verstaan?"